# Onderrig- en Leerbeleid

| | |
|---|---|
| **Tipe dokument:** | Beleid |
| **Doel van die beleid:** | Om ’n bevorderlike institusionele omgewing aan te moedig waar onderrig en leer van gehalte in die hele studentekorps, die akademiese personeelkohort, steundiensafdelings en bestuursliggame kan gedy. |
| **Goedgekeur deur:** | US Raad |
| **Goedkeuringsdatum:** | 26/09/2018 |
| **Implementeringsdatum:** | 01/10/2018 |
| **Datum van volgende Hersiening:** | Die Beleid moet in die vyfde jaar waarin dit geld, hersien word. Indien die eienaar van die Beleid dit nodig ag, kan dit vroeër of meer as een keer in die geldigheidstydperk hersien word. |
| **Datum(s) van vorige Hersienings:** | Strategie vir Leer en Onderrig (2002-2004), Leer en Onderrigbeleid (2007) |
| **Beleideienaar[1]:** | Viserektor: Leer en Onderrig |
| **Beleidkurator[2]:** | Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking |
| **Sleutelwoorde:** | Beleid, Leer en onderrig, professionalisering van akademici vir onderrigrol, akademieskap van onderrig en leer |
| **Geldende Weergawe:** | Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar. |

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

[1] Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

[2] Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

## 1. Inleiding

Die Universiteit Stellenbosch (US) streef daarna om deur ál sy werksaamhede, ook sy onderrig, tot die samelewing in die algemeen by te dra. Die US-visie posisioneer die Universiteit as die voorste navorsingsintensiewe universiteit in Afrika, wat wêreldwyd as inklusief en innoverend erken word, waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder.

Hierdie beleid beoog om uitvoering te gee aan die US-visie in alle voor- en nagraadse programme aan die Universiteit, met inagname van die dinamiese hoëronderwys-omgewing waarin die instelling moet funksioneer.

Die beleid beoog om onderrig en leer van gehalte te bevorder wat die ryke potensiaal van ’n toenemend diverse studentekorps verwelkom en graduandi oplewer wat kan bydra tot ’n komplekse samelewing. Daarom heg die US groot waarde aan die erkenning en beloning van vakkundige onderrig en die bydrae wat dit lewer tot die professionalisering van die onderrigrol.

Definisies van leer- en onderrigbegrippe word aan die einde van die dokument verskaf.

## 2. Implementering van die beleid

2.1 Hoewel die US in die geheel ’n leerorganisasie is, is hierdie beleid in die besonder van toepassing op onderrig- en leeraktiwiteite in alle geregistreerde kursusse insluitend kortkursusse en akademiese programme van alle fakulteite wat op sowel as weg van die kampus aangebied word, en sluit dit partye soos studente, akademiese personeellede, die steundiensafdelings en bestuursliggame in.

2.2 Die implementering van hierdie beleid is ’n gesamentlike verantwoordelikheid, wat by al die partye in 2.1 hierbo berus.

2.3 Alle ander US-beleide, -reglemente en -strategieë in verband met onderrig en leer behoort gerig te word deur, en gelees te word in samehang met, hierdie beleid.

## 3. Konseptuele raamwerke

3.1 Hierdie beleid berus op die uitgangspunt dat **onderrig en leer ’n gemeenskaplike aktiwiteit is**, met wedersydse verantwoordelikhede tussen studente, akademiese personeellede, die steundiensafdelings en bestuursliggame.

3.2 Die benadering tot onderrig en leer in hierdie beleid **strook met die herposisionering van die US** van sy vorige selfbeskouing as *die beste **in** die wêreld* tot sy nuwe selfvoorstelling as *die beste **vir** die wêreld*, met die klem op konteks en responsiwiteit. Hierdie gekontekstualiseerde en responsiewe benadering tot *uitnemendheid* is in pas met die begrip van onderrig en leer as ’n proses met sosiale en individuele dimensies. Hierdie dimensies hou verband met mekaar, maar die sosiale konteks is meer kompleks en genuanseerd, en het moontlik ’n ingrypender invloed op onderrig en leer as enige individuele kenmerke van studente of akademici.

3.3 Hierdie beleid **verstaan onderrig en leer as iets holisties**, wat sowel individuele as sosiale begrippe van onderrig en leer insluit.

3.4 **Onderrig** word beskou as ’n praktyk wat diep veranker is in, en gevorm word deur, die omgewings waarin dit plaasvind. Goeie onderrigpraktyk is dus meer as ’n stel vaardighede, wenke of strategieë wat losstaan van die sosiale ruimtes waarin dit geskied.

3.5 Hierdie beleid bevorder ’n **leergesentreerde benadering tot onderrig** wat afgestem is op leer as ’n vennootskap, waar studente as medeskeppers van kennis en leeromgewings beskou word. Onderrigaktiwiteite volgens ’n leergesentreerde benadering werk kennisbou in die hand en betrek studente aktief by hulle eie leer. Vir dié doel behoort die US te sorg dat die leergesentreerde benadering tot onderrig oor die hele instelling geïntegreer word en dat voldoende, gepaste hulpbronne beskikbaar is om onderrig en leer te ondersteun.

3.6 Ingevolge hierdie beleid word **akademieskap** beskou as die koppeling van praktyk aan teorie en van teorie aan praktyk, wat saamgevat word deur die dimensies van **ontdekking, integrasie, toepassing en onderrig**.[1]

## 4. Doel van die beleid

Die doel van hierdie beleid is om ’n instaatstellende institusionele omgewing te bevorder waar onderrig en leer van gehalte kan gedy.

## 5. Doelstellings van die beleid

5.1 Om by te dra tot die **verwesenliking van die US se Visie en Institusionele Strategiese Raamwerk** ten einde alle voornemende en huidige studente en personeellede van inklusiwiteit en billike toegang tot die US te voorsien as deel van die strewe na uitnemendheid.

5.2 Om **studentesukses te verseker**, d.w.s. om graduandi op te lewer wat die US se graduandi-eienskappe weerspieël (Strategie vir Onderrig en Leer 2017-2021).

5.3 Om **konseptuele raamwerke vir die begrip van onderrig en leer** sowel as die onderliggende beginsels van onderrig en leer van gehalte te voorsien.

5.4 Om die **professionalisering van akademici in hulle onderrigrol** sowel as die **akademieskap van hulle onderrigpraktyk** te bevorder.

5.5 Om voorsiening te maak vir die **doeltreffende gebruik van gepaste infrastruktuur en leertegnologieë**.

5.6 Om die **ontwikkeling en vernuwing van akademiese programme** te bevorder.

## 6. Beleidsbeginsels

6.1 Onderrig en leer word deur die visie, missie en waardes van die US gerig.

---

[1] Boyer, E.L. 1990. *Scholarship reconsidered: Priorities of the Professoriate*. Spesiale verslag. Carnegie-stigting vir die Bevordering van Onderrig: 15-25.

6.2 Die US besef dat die onderling aanvullende wisselwerking tussen **onderrig en leer, sosiale impak** en **navorsing** van kernbelang is aan die Universiteit.

6.3 Onderrigpraktyk bestaan uit ’n **kombinasie van verskillende aanbiedingsvorme**, wat wissel van persoonlik tot ten volle aanlyn.

6.4 Hierdie beleid is **omvattend** in die sin dat dit op studente, akademiese personeellede, die steundiensteafdelings en bestuursliggame betrekking het.

6.5 Die **holistiese** ontwikkeling van die student behels **die integrasie van die kurrikulum en ko-kurrikulum**.[2]

6.6 Die US bevorder die **voortdurende vernuwing van sy akademiese programme** deur middel van ’n sistemiese proses waarin die verskillende rolspelers (bv. programkomiteevoorsitters, programleiers, dosente en studente) oor duidelik omskrewe rolle en verantwoordelikhede beskik.

6.7 Die **implementering van die Taalbeleid** werk pedagogies verantwoordbare onderrig en leer in die hand.

6.8 Alle hulpbronne wat studenteleer ondersteun, soos **biblioteke, laboratoriums en leertegnologiehulpbronne**, maak ’n integrale deel uit van die leeraanbiedinge in alle modules en programme.

6.9 Die US heg groot waarde aan die **gehalte**[3] **van sy akademiese aanbod**, wat onderrig, leer, assessering en programme insluit.

6.10 Hierdie beleid is gegrond op die beginsel dat onderrig en leer van gehalte deur akademieskap gerig behoort te word. Die **akademieskap van onderrig en leer (AvOL)**,[4] tesame met die onderliggende kennisstel, behoort die professionalisering van akademici in hulle onderrigrol sowel as die akademieskap van hulle onderrigpraktyk te rig.

6.11 Die **professionalisering van akademici in hulle onderrigrol** hou verband met die idee van ’n professionele universiteits***opvoeder.*** Dit geskied deur verskeie professionele leergeleenthede, wat formele en informele ruimtes sowel as geakkrediteerde en nie-geakkrediteerde kursusse vir die voortgesette ontwikkeling van akademici as opvoeders voorsien. Akademici put uit die akademieskap van onderrig en leer om hulle onderrigpraktyk te professionaliseer.

6.12 Die US ondersteun die holistiese loopbaanvordering van akademici op ’n baan wat die **drie akademiese rolle**, naamlik navorsing, onderrig en sosiale impak, integreer en terselfdertyd ag slaan op professionele vereistes, waar van toepassing.

---

[2] Die ko-kurrikulum aan die US behels studente se leerervarings binne én buite die klas vir niegraaddoeleindes.

[3] Volgens die Raad op Hoër Onderwys in Suid-Afrika bestaan gehalte uit die onderling verbonde dimensies van geskiktheid van doel, waarde vir geld, en transformasie.

[4] AvOL verwys na ’n omvattende kennisstel wat uit Boyer (1990) se invloedryke werk spruit en die idee van akademieskap gebruik om die vals skeiding tussen onderrig en navorsing te oorbrug.

6.13 Die **onderrigrol ontwikkel** van *nadenkende praktisyns*, tot *vakkundige opvoeders,* wat dan *onderwyssvakkundiges* en uiteindelik *toonaangewende onderwyssvakkundiges* word. *Nadenkende praktisyns* besin doelbewus en krities oor hulle onderrigpraktyk, en hersien en dokumenteer hulle professionele groei stelselmatig. *Vakkundige opvoeders* put boonop uit opvoedkundige literatuur om oor hulle onderrigpraktyk en professionele groei na te dink, en beweeg ook verder as persoonlike besinning na waarneming en portuurbeoordeling van hulle onderrig. *Onderwysvakkundiges* vors hulle onderrigpraktyk na en dokumenteer hulle professionele groei met die oog daarop om hulle bevindinge in die openbaar te publiseer en tot bestaande onderrig- en leerkennis by te dra. *Toonaangewende onderwysvakkundiges* dra deur publikasie tot bestaande onderrig- en leerkennis by en bied institusionele, nasionale en internasionale leierskap op die gebied van onderrigpraktyk.

6.14 ’n Verdere beginsel wat hierdie beleid rig, handel oor die **erkenning van goeie onderrig** sowel as die **erkenning, beloning en bevordering van uitnemende onderrig** oor alle stelsels van die Universiteit heen. Goeie onderrig word in enige stadium van hulle loopbane van alle akademici vereis. In hierdie verband ondersteun die US die professionele leer van akademici vir hulle onderrigrol as kritiese en vakkundige dosente, wat boeiende kurrikulums ontwerp en ’n dinamiese en verrykte kampuservaring bied. Tog bou die US ook die idee van onderriguitnemendheid by die stelsels en kriteria vir die prestasiebeoordeling en bevordering van akademici sowel as by die institusionele beloningstelsels in deur die onderrigportefeulje as ’n instrument vir die beoordeling van onderriguitnemendheid in te stel.

## 7. Beleidsbepalings

Benewens die beginsels in die vorige artikel, onderskei hierdie beleid ook tussen vier onderling verbonde dimensies van die strewe na onderrig en akademiese programme van gehalte. Dit is (i) die *professionalisering van akademici vir hulle onderrigrol*, (ii) die *akademieskap van hulle onderrigpraktyk ter bevordering van ’n leergerigte benadering*, (iii) *gepaste leerinfrastruktuur en leertegnologieë* sowel as (iv) *voortdurende programvernuwing*. Oor hierdie onderling verbonde dimensies bepaal die beleid soos volg, onderworpe aan die beskikbaarheid van finansiële en menslike hulpbronne van sowel binne as buite die US:

### 7.1 Professionalisering van akademici vir hulle onderrigrol

7.1.1 Dat daar **voldoende, gepaste geleenthede** vir die bevordering van die toepaslike professionele leer van akademici vir hulle onderrigrol op alle kampusse beskikbaar is.

7.1.2 Dat die akademici **bemagtig en aangemoedig word om bogenoemde geleenthede te benut**, met sodanige ontwikkeling wat deel uitmaak van die professionele ontwikkelingsplanne (POP’s) in hulle werksooreenkomste.

7.1.3 Dat **studenteterugvoer** as hoofinligtingsbron oor studente se ervaring van onderrig en leer benut word, maar dat dit altyd gebruik word in samehang met ander bronne.

7.1.4 Dat ‘n **verskeidenheid van perspektiewe en inligtingsbronne** (soos die gehalteversekeringstelsel, moderering, studenteterugvoer, programkomitees, prestasiebestuur) en bewyse gedurende die beoordeling van onderrig, met inagneming van die kriteria vir onderrig van gehalte gebruik word.

7.1.5 Dat die gebruik van ’n **onderrigportefeulje** gedurende die beoordeling van onderrig sterk aanbeveel word, veral wat permanente aanstellings en bevordering betref.

7.1.6 Dat aandag geskenk word aan die **integrasie en sinergie van die drie akademiese rolle**, naamlik navorsing, onderrig en sosiale impak, in die jaarlikse werksooreenkoms tussen die akademikus en die departementele voorsitter, sowel as tydens die prestasiebeoordeling.

7.1.7 Dat navorsing (waaronder navorsing oor onderrig), sosiale impak en die praktyk van onderrig (op grond van die AvOL-beginsels) in ag geneem word wanneer akademici se **bevorderingsroete** oorweeg word.

7.1.8 Dat die US se strewe na **hoër deursetsyfers tesame met verhoogde standaarde** bestuur word, en ondersteuning aan akademici in hierdie verband verleen word.

7.1.9 Dat die **institusionele prosesse aan die US** uitdruklik daarop afgestem is om akademici van hoë gehalte te werf en hulle onderrigrol voortdurend ontwikkel word.

## 7.2 Akademieskap van onderrigpraktyk ter bevordering van leergesentreerde onderrig

7.2.1 Dat **studente se diverse akademiese behoeftes** in ag geneem word wanneer akademici modules en programme op sowel voor- as nagraadse vlak beplan.

7.2.2 Dat akademici ’n doelbewuste poging aanwend om die diversiteit van leerbehoeftes te erken en **studente van toepaslike leiding te voorsien** om die beskikbare akademiese ontwikkelingsgeleenthede te benut.

7.2.3 Dat **geïntegreerde stelsels vir die voortgesette monitering en evaluering** van alle studente voorsien word, veral die kwesbaarstes, bv. studente uit voorheen benadeelde omstandighede, studente sonder finansiële steun, studente wie se woonomgewing nie bevorderlik is vir universiteitstudie nie, ens.

7.2.4 Dat daar oor die hele instelling ‘n gedeelde verantwoordelikhied is om aandag te skenk aan **holistiese studentesukses** en die ontwikkeling van die hele student op alle vlakke.

7.2.5 Dat alle rolspelers by die Universiteit hulself vertroud maak met die redes vir en praktiese implikasies van die US se verbintenis tot ’n **leergesentreerde benadering** tot onderrig en leer.

7.2.6 Dat US bestuur die **nodige hulpbronne** beskikbaarstel om onderrig van gehalte en doeltreffende leer by die Universiteit te bewerkstellig op ’n volhoubare wyse.

7.2.7 Dat daar ’n onderskeid getref word tussen **vakkundige universiteitsopvoeders**, wat aktief deelneem aan die AvOL met die oog op navorsing en gevolglike publikasie, en nadenkende praktisyns.

### 7.3 Gepaste leerinfrastruktuur en leertegnologieë

7.3.1 Dat US **instaatstellende fisiese en virtuele leeromgewings** wat onderrig van gehalte en doeltreffende leer voor- en nagraads ondersteun en aanmoedig, skep.

7.3.2 Dat akademici en studente **toegang** het **tot multifunksionele leerruimtes** om vir ’n verskeidenheid onderrig- en leerkonfigurasies voorsiening te maak.

7.3.3 Dat akademici en studente toegang het tot **ondersteunende leertegnologieë, tegnologie-infrastruktuur, gepaste professionele leergeleenthede, sowel as steun** om die infrastruktuur en tegnologieë doeltreffend in onderrig en leer te gebruik.

7.3.4 Dat akademici leertegnologieë benut om **die reikwydte en die rykheid van die akademiese aanbod** vir studente op én weg van die kampus te verbeter.

### 7.4 Voortdurende programvernuwing

7.4.1 Dat akademiese programme **voortdurend vernuwe** word om met die veranderende omgewing en die kenmerke van US-graduandi tred te hou, en sodoende graduandi se bydrae tot die Suid-Afrikaanse en globale samelewings sowel as hulle aanstelbaarheid te versterk.

7.4.2 Dat die **rolle en verantwoordelikhede** van die verskillende rolspelers (programleier, programvoorsitter, departementshoof, ens.) duidelik in fakulteite omskryf en gekontekstualiseer is.

7.4.3 Dat die verskillende rolspelers vir hulle onderskeie rolle in die bestuur van programme sowel as in vernuwingsprosesse **erken en beloon** word.

7.4.4 Dat die **nodige vermoë** (bv. menslike en finansiële hulpbronne) beskikbaargestel word om programvernuwing in fakulteite te ondersteun.

## 8. Rolle en verantwoordelikhede met betrekking tot onderrig en leer aan die US

8.1 Die **rol van die akademikus het verskeie fasette**, wat verantwoordelikhede met betrekking tot onderrig en leer, navorsing en sosiale impak insluit. Ál hierdie verantwoordelikhede hou onderling verband met mekaar.

8.2 ’n Kernfunksie van die akademikus se rol is die van **kenniskundige** wat leergeleenthede ontwerp om studente in staat te stel om toegang tot dissiplinêre kennis te verkry. Kennis handel hier oor meer as net dissiplinêre inhoud. Dit behels ook die onderliggende beginsels, konsepte, prosedures en praktyke van kennisproduksie ín en óór dissiplines.

8.3 **Leer sowel as kennisbou is die kern van die onderrigproses** en dien as uitgangspunte vir hoe die US onderrig organiseer. Dít impliseer dat akademici ***kenniskundiges*** op hulle dissiplinêre gebied moet wees, sowel as ***nadenkende praktisyns*** wie se praktyk deur die AvOL gerig word.

8.4 Die **akademikus** is verantwoordelik vir die implementering van die US se benadering tot onderrig en leer in die konteks van sy/haar onderrigaktiwiteite. Dit sluit onder meer in (i) om studente oor die US se benadering tot onderrig en leer in te lig, (ii) om ’n leeromgewing te skep wat toegang tot kennis in die hand werk, (iii) om die leeromgewing so in te rig dat dit genoeg doelbewuste geleenthede vir kennisbou, aktiewe leer en assessering skep, en (iv) om studente bewus te maak van die verskillende akademiese ontwikkelingsinisiatiewe aan die Universiteit.

8.5 Die **student** aanvaar verantwoordelikheid vir sy/haar eie leer. Hierdie verantwoordelikheid sluit onder meer in (i) om hom/haar van die US se benadering tot onderrig en leer te vergewis, (ii) om verantwoordelikheid te aanvaar om te leer hoe om ’n suksesvolle deelnemer aan die kennispraktyke van sy/haar vakgebied te word, (iii) om die beskikbare leergeleenthede optimaal te benut, (iv) om die tersaaklike afdelings of sentrums vir toepaslike akademiese ontwikkelingsinisiatiewe te nader, en (v) om, met die oog op voortdurende ontwikkeling, terugvoering oor modules en programme te bied.

8.6 In die strewe na ’n **instaatstellende institusionele omgewing** waar onderrig en leer van gehalte kan gedy, is die rol van organisatoriese eenhede in beheer van fisiese en virtuele infrastruktuur om voldoende fasiliteite vir onderrig en leer te voorsien, en dié van die US-bestuur om die onderrigfunksie met hulpbronne en strategiese leiding te ondersteun.

8.7 Deur **tersaaklike beleids- en strategiese inisiatiewe** te voorsien, wil die US ’n instaatstellende omgewing skep waar (i) personeellede en studente se potensiaal uitgebou en ontwikkel word, (ii) doeltreffende onderrig en leer ondersteun en aangemoedig word, terwyl (iii) gepaste voorsiening gemaak word vir die ondersteuning van die US se diverse studentesamestelling, en (iv) gepaste voorsiening gemaak word vir die professionele leer van akademici vir hulle onderrigrol.

## 9. Beleidsbeheer

### 9.1 Rolle

9.1.1 Die **eienaar** van hierdie beleidsdokument is die Viserektor: Leer en Onderrig, wie se rol dit is om:

- toesig te hou oor die ontwikkeling van die beleid;
- toe te sien dat die nodige dokumente bestaan;
- toe te sien dat die kurator doeltreffend funksioneer; en
- ’n taakgroep aan te wys om die beleidsdokument, na gelang van behoefte, van tyd tot tyd te hersien.

9.1.2 Die **kurator** van hierdie beleidsdokument is die Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking, of ’n senior personeellid uit die professionele akademiese steundiens- (PASD-)omgewing wat vertroud is met die US se Strategie vir Onderrig en Leer en deur die Viserektor: Leer en Onderrig aangestel word.

9.1.3 Die kurator is verantwoordelik vir:

- die formulering, goedkeuring, hersiening, kommunikasie, vrystelling en monitering van die implementering van hierdie beleidsdokument; en
- die vertolking van die beleid, leiding in verband met die implementering daarvan, en die sameroeping van ’n taakgroep om die beleid na gelang van behoefte, van tyd tot tyd te hersien.

## 9.2 Implementering

Die Onderrig- en Leerbeleid bepaal die algemene riglyne en institusionele voorneme vir onderrig en leer. Teen hierdie agtergrond ontwikkel en werk die US sy Strategie vir Onderrig en Leer voortdurend by. Die implementering van die beleid en strategie geskied deur middel van die Omgewingsplan van die Viserektor: Leer en Onderrig, wat die strategiese fokusgebiede en bedryfsprioriteite vir onderrig en leer uiteensit. Op fakulteitsvlak geskied die implementering van die beleid deur middel van die spesifieke fakulteitsimplementeringsplanne, waar dit redelikerwys uitvoerbaar is.

## 9.3 Monitering en verslagdoening[5]

Die Viserektor: Leer en Onderrig is aanspreeklik vir die skep van die nodige kontroles vir monitering en verslagdoening in verband met hierdie beleid. Die kurator is daarvoor verantwoordelik om hierdie kontroles uit te voer.

Die Senaat moniteer die implementering van die beleid deur middel van ’n jaarverslag oor onderrig en leer wat die Viserektor: Leer en Onderrig aan die Senaat voorlê.

## 9.4 Vrystelling

Hierdie beleid is ’n openbare dokument en verskyn op die US-webtuiste. Die beleid word goedgekeur deur die Raad van die Universiteit ná oorlegpleging met alle fakulteitsrade, die Senaat en die Institusionele Forum. Artikels 12 en 13 van hierdie beleid kan inhoudelik bygewerk word namate nuwe beleidsdokumente die lig sien. Sodanige bywerkings word deur die Komitee vir Leer en Onderrig goedgekeur en vir kennisname aan die Senaat voorgelê.

## 9.5 Hersiening

Hierdie beleid word elke vyf jaar hersien, of vroeër na gelang van behoefte.

[5] Raadpleeg “Reglement vir beleid- en bestuursdokumente”.

## 10. Konflikbeslegting

Konflik in hierdie beleid moet volgens die gewone lynbestuurskanale van die bestaande US-strukture, soos die onderrig-en-leerkomitees van fakulteite, die Subkomitee oor Leer en Onderrig van die Senaat, en die Senaat self, besleg word. Die finale besluitnemingsgesag oor hierdie beleid berus by die US Raad.

## 11. Definisies

**11.1 Akademieskap**: Ingevolge hierdie beleid word **akademieskap** beskou as die koppeling van praktyk aan teorie en van teorie aan praktyk, wat saamgevat word deur die dimensies van **ontdekking, integrasie, toepassing en onderrig.** Akademieskap van Onderrig en Leer (AvOL) verwys na ’n omvattende kennisstel wat uit Boyer (1990) se invloedryke werk spruit en die idee van akademieskap word gebruik om die vals skeiding tussen onderrig en navorsing te oorbrug.

**11.2 Kwesbare studente**: Kwesbare studente is byvoorbeeld studente uit voorheen benadeelde omstandighede, studente sonder finansiële steun, studente wie se woonomgewing nie bevorderlik is vir universiteitstudie nie, ens.

**11.3 Leergesentreerde benadering:** ’n **Leergesentreerde benadering tot onderrig** is afgestem op leer as ’n vennootskap, waar studente as medeskeppers van kennis en leeromgewings beskou word. Onderrigaktiwiteite volgens ’n leergesentreerde benadering werk kennisbou in die hand en betrek studente aktief by hulle eie leer.

**11.4 Studentesukses:** Studentesukses word holisties gesien as nie net of studente ‘n graad verwerf het nie, maar om graduandi op te lewer wat die US se graduandi-eienskappe weerspieël.

## 12. Stawende dokumente

| Itemnr. | Titel van dokument | Status (geïdentifiseer, onderweg, goedgekeur, ens.) |
|---|---|---|
| | Strategie vir Onderrig en Leer 2017-2021 | Goedgekeur in Maart 2017 |
| | US se Visie en Institusionele Strategiese Raamwerk | Goedgekeur deur die US Raad in Junie 2018 |

## 13. Verbandhoudende dokumente

| Itemnr. | Titel van dokument | Status (geïdentifiseer, onderweg, goedgekeur, ens.) |
|---|---|---|
| PD0326 | Personeelontwikkelingsbeleid | Goedgekeur in Oktober 2016 |
| | Pligte en verantwoordelikhede van programkomiteevoorsitters en programleiers | Word tans hersien |
| | Reglement van die Komitee vir Leer en Onderrig (KLO) | Goedgekeur in Junie 2017 |
| | Strategie vir die gebruik van IKT in onderrig en leer aan die Universiteit Stellenbosch | Taakgroepdokument, April 2013 |
| | US Reglement vir die afneem en gebruik van studenteterugvoer oor programme, modules en dosente | Goedgekeur in 2016<br>Word tans hersien |
| CS0051 | Diensvoorwaardes vir navorsings- en steundienspersoneel | Goedgekeur in Junie 2017 |
| | Implementeringsplan vir Buigsame Assessering | Goedgekeur in 2017 |
| | Assesseringsbeleid en –praktyke aan die Universiteit van Stellenbosch | Word tans hersien |
| | Gedragskode: Studieleier/promotor en student | Goedgekeur. Vervat in US Jaarboek Deel I. |
| | Reglement vir interne en eksterne moderering en die afhandeling van uitslae | Goedgekeur in September 2014 |
| | Gehalteversekeringsbeleid | Word tans hersien |
| | Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch | Goedgekeur in 2016 |
| | US beleid oor onderrig- en leermateriaal | Goedgekeur in 2007<br>Word tans hersien |
| | Beleid oor Gestremdheidstoegang | Goedgekeur in April 2018 |

| Itemnr. | Titel van dokument | Status (geïdentifiseer, onderweg, goedgekeur, ens.) |
|---|---|---|
| | US Plagiaatbeleid (ter ondersteuning van Akademiese Integriteit) | Goedgekeur in November 2016 |
| | Universiteit Stellenbosch Prosedure vir die ondersoek en bestuur van bewerings van plagiaat | Goedgekeur in Augustus 2016 |
| | How does Stellenbosch University, as a research-led institution achieve excellence via the integration of the three roles of the University? (Geen Afrikaanse vertaling) | Gespreksdokument, Oktober 2010 |
| | Riglyndokument vir akademiese geletterdheid aan die US | Word tans hersien |
| | Beleid van die Universiteit Stellenbosch oor gesamentlike en dubbelgrade op Magister- en Doktorale vlak met buitelandse universiteite | Goedgekeur in 2012 |
| AP0045 | Riglyne vir die aanstelling en bevordering van dosente | Goedgekeur in Januarie 2011 |
| | Riglyne vir die instelling van toekennings vir Uitnemendheid in Onderrig aan die Universiteit Stellenbosch | Goedgekeur in 2017 |
| | Recommendations of the Task Team for the Promotion and Recognition of Teaching | Goedgekeur in 2015 |
| REG-001-2017 | Regulasie vir die erkenning van vorige leer (EVL) en kredietakkumulasie en -oordrag (KAO) | Goedgekeur in Junie 2017 |
| | Sosiale Impak Strategiese Plam 2017-2022 | Goedgekeur in November 2016 |
| | Reglement vir die erkenning van ko-kurrikulêre prestasies | Word tans hersien |
| BEL-001-2017 | US Toelatingsbeleid | Goedgekeur in Februarie 2017 |

| Itemnr. | Titel van dokument | Status (geïdentifiseer, onderweg, goedgekeur, ens.) |
|---|---|---|
| BEL-001-2013 | Navorsingsetiekbeleid | Goedgekeur in Junie 2013 |
| | Strategie vir die ondersteuning van Nagraadse Studente | Onder ontwikkeling |
| | Beleid insake die Aanbieding van Kortkursusse aan die Universiteit Stellenbosch | Tweede Beleid, Tweede Hersiening goedgekeur in Junie 2018.<br>Tans Tweede Beleid, Derde Hersiening. |